# SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT

*Alle aspekte van ons personeel prosesse is nie-diskriminerend en sal daar aan alle kandidate gelyke geleentheid gebied word om aansoek te doen vir vakante poste:*

***BETONAMBAGSMAN ASSISTENT***
***PAD INFRASTRUKTUUR DIENSTE***
***Salaris : TASK 6 (R146 220 PER JAAR)***
**Standplaas : LAINGSBURG**

**KWALIFIKASIEVEREISTES:-** ● Ten minste Graad 9 met 3 jaar **toepaslike** ondervinding in betonwerke en/of algemene onderhoud van paaie. ● Goeie lees en skryfvaardighede. ● Moet eenvoudige Wiskundige berekenings kan maak. ● 'n Geldige Kode EC1-lisensie (ook EC-lisensie) met PrDP. ● Vaardigheid in twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa) ● Die suksesvolle kandidaat sal onderwerp word aan mediese fiksheid assessering in terme van die voorskrifte van die Konstruksieregulasies en Wet op Beroeps-gesondheid en Veiligheid, 1993.

***Aanbeveling:-*** ● Ondervinding in algemene betonwerke ● Ondervinding in die gebruik van elektriese kragtoerusting. ● Vorige ondervinding as toesighouer oor 'n span werkers. ● Moet onder druk kan werk.

---

***Die suksesvolle kandidaat sal onder andere verantwoordelik wees vir die volgende:*** Assisteer die Beton Ambagsman met: Algemene bou-, messel-, verf, sweis en loodgieterswerk op depot geboue en padinfrastruktuur. • Veilige hantering en bestuur van vragmotor met sleepwa, betonmengers en ander klein werktuie • Gebruik van kragapparate soos meganiese bore en sae. • Uitgrawing van fondamente, • oprigting van bekisting • meng en plasing van beton • die gebruik en versorging van elektriese kragtoerusting • die aanleg van stormwater en geassosieerde stelsels (pyp- en kasduikers) en versterkte staalbewapening • Vervoer van personeel en goedere

**Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele:-** Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof en siekteverlof, 'n dertiende tjek na 12 maande diens, bydrae tot groepversekeringspremies asook hulp met verhuisingskostes onderworpe aan sekere voorwaardes.

Aansoeke op die Raad se amptelike aansoekvorm word ingewag **voor of op 15 April 2024 Aansoeke sonder gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies en bestuurderslisensie sal nie oorweeg word nie.** Indien verdere besonderhede verlang word kan Mnr Michael Kennedy gekontak word by (023) 449-1000. Indien geen terugvoer binne drie maande vanaf die sluitingsdatum ontvang is nie, kan aanvaar word dat 'n aansoek nie geslaag het nie.


*MNR M G NKUNGWANA: MUNISIPALE BESTUURDER*
*PRIVAATSAK X560*
BEAUFORT-WES
**6970**


*Adv concrete artisan assistant 2023.10*